CARITAS

Die gemeente se diens van barmhartigheid

CARITAS hou op **30 Oktober 2020** hul laaste klere- en wit olifantverkoping vir die jaar. Hiervoor benodig hulle asb. klere en wit olifante voor of op 26 Oktober 2020.
Dit kan by die kerkkantoor afgegee word.
Die opbrengs hiervan word aangewend vir maandelikse noodleniging en bystand aan hulpbehoewende gesinne in ons gemeente.
Baie dankie vir julle gewaardeerde ondersteuning.
Koördineerder: Susan Groenewald (072 560 7965 / 021 851 6832)

KATEGESE

Daar sal vandag kategese wees. Die skool sluit op 23 Oktober en dus sal daar geen kategese wees op Sondag, 25 Oktober. Alhoewel die skool op 2 November begin, sal daar Sondag, 1 November slegs 'n gesinserediens in die kerk wees, wat deur ds Werner Schultz waargeneem sal word. Die kategese-afsluiting soos op die kalender aangedui, sal dan ook plaasvind.

Ds Johan vakansieverlof

Ds Johan sal vanaf 23 Oktober tot 1 November met vakansieverlof wees. Ons wens vir hom en Christine 'n welverdiende ruskans en veilige terugkoms toe.

VLAK 1

Die Kerkraad het besluit dat alle gemeente-aktiwiteite soos voorheen hervat sal word, natuurlik met die nodige protokol in plek, nadat vlak 1 van die inperking vanaf 20 September van krag geword het.
Dit sluit in: eredienste, meditatiewe eredienste, Bybel in Praktyk (aandgeleenthede), kategese, bybelstudie, voorbiddingsgroep, Vrydagoggend groep vir werkende mans, kerkraadsvergaderings en eredienste. Raadpleeg die kalender vir datums en tye van genoemde aktiwiteite. Byeenkomste van 250 persone (binnenshuis) is nou toelaatbaar, maar begrafnisse word beperk tot 100 persone.

Lofprysing met Babette & Olga:–

'n Saamsing/saamluister-CD saamgestel uit snitte wat opgeneem is in die grendeltyd vir aanlyneredienste.

6 CD's is nog beskikbaar by die kerkkantoor ten bate van die kerk teen R50.